

Sakkie Parsons E-Pos Bediening

E-pos: sparsons@absamail.co.za
Sel: 082 -568 2704/Tel: 012 543 3669

Als In Die Skrif Kom Van God Af

Sommer 'n vers uit God se woord wat by my opgekom het toe ek weer daaraan gedink het, hoe daar mense is wat wil beweer dat groot gedeeltes van God se woord nie van God af kom nie. My groot held Paulus stel dit so:

ROMEINE 15 vers 4:

⁴Alles in die Skrif is geskrywe om ons te leer. Dit help ons ook om geduldig te wees en gee ons moed sodat ons vas oortuig kan wees van die wonderlike toekoms wat daar vir ons wag.

Let op die eerste gedeelte in vers 4.

“Alles in die Skrif is geskrywe om ons te leer.”

Nie die helfte, of 95%, of 99% nie maar als in die skrif.

As ek God se woord oopmaak en ek sê dit met groot respek, dan hang ek jy kan maar sê aan God se lippe en geduldig wag ek op die Heerlike toekoms wat vir my wag.

Geniet die heerlike dag wat ons Here ons gegee het.

Judas 1:24-25 *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, **25**. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

Groete
Sakkie

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na sparsons@absamail.co.za

Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.